Sluit af, en tree af.
Nou lê iets groots voor!

Aftrede werkswinkel vir leraarspare

48 uur: Vry.29 Sep – So.1 Okt 2017

- Aftrede kan angswekkend wees
- Aftrede verg meer as finansiële beplanning
- Aftrede moet uiters persoonlik beplan word

Hierdie is ‘n unieke kans vir leraars wat naby aftrede is (5 jaar) en hul eggenotes om te gesels oor hierdie uitdagende lewensfase. Hierdie kursus word aangebied deur dr Henk Gous en is ‘n uitbouing van die kursus van dr Deon Bruwer wat oor jare reeds in Wes-Kaap aangebied is tot met sy onlangse aftrede.



Dis ‘n baie persoonlike werkswinkel wat jou help om eie mites en vrese raak te sien, die dinamika van verandering te verstaan, en volgens eie persoonlikheid (mbv Shadowmatch, ‘n aanlyntoets van jou en jou maat se unieke patrone) jou reisplan te ontwerp. Jy werk met jou eie storie. Jy herdink jou eie lewensdoel en herontwerp jou identiteit (want jy is mos nou skielik nie meer ‘n gemeente se dominee nie!). Ons gesels oor die vraag om te werk of nie te werk nie, asook die mites en vrese van ouderdom. Hierdie is omvattende aftredebeplanning , nie net finansiëel nie.
-Die finansiële beplanning word gelewer deur Theo Smith van die Pensioenfonds.
-Dit hanteer ook gesonde losmaking van jou gemeente.

Datum: Vry.29 Sep 18:00 tot So. 1 Okt 17:00.

Koste: R1300 per persoon. Egpare van Goudland-kry ‘n subsidie van R1000 omdat dit so noodsaaklik is om aftrede saam as egpare te beplan. **Egpare van Sinode Hoëveld** doen aansoek vir subsidie by Kobus Sandenberg. Elkeen dra eie reiskoste. Die koste sluit in ‘n Shadowmatch aanlyntoets vir elkeen (eie gewoontepatrone en huweliks interaksie) ter waarde van R440.

Plek: Cyara Manna-terrein van Youth for Christ, Hekpoort. Elke egpaar kry ‘n aparte kamer met private badkamer

Bring saam asb: Eetgerei, beddegoed (wees gereed vir enkel en dubbelbed asb), gemaklike klere. Geen alkohol word op YfC se kampterreine toegelaat nie: bring dus eie koeldrank

Stuur asseblief **bevestiging *so gou moontlik want slegs plek vir 12 pare, of voor 4 Sep.* Betaling *verkieslik dadelik*** maar asb voor ***4 Sep*** aan NG kerk Sinode Wes Absa tjek 1420146708. Verwysing: Naam & Aftrede.

Henk Gous, namens Goudland (Wes-Transvaal) Predikantebediening

---

BEVESTIGINGSVORM

Naam (ds &eggenoot) .....

Gemeente..... Ring ..... Datum van aftrede .....

Tel .....Sel ..... E-pos .....

Spesiale versoeke (bv. verblyf) .....

- Betaling is ingesluit/ word oorbetaal op .....(datum)
- Of: betaal R_____ en gemotiveerde versoek dat die tekort met ’n subsidie aangevul word